



2026


Inligtingsgids



Geagte voornemende Graad 1-ouers of -voogde

Laerskool Constantiapark wil graag seker maak dat die belangrike keuse rakende 'n geskikte laerskool vir u kind en die vereiste aansoekproses nie vir u spanningsvol moet wees nie. Uit ondervinding weet ons dat ouers angstig raak, want die Gauteng Departement van Onderwys se aanlyn-proses kan soms verwarring of onsekerheid veroorsaak.

Ons ondersteun u graag met riglyne om hierdie aansoekproses seepglad te laat verloop.



GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS (GDO): AANLYNREGISTRASIE

Gauteng se aanlynregistrasieproses vir 2026 se Graad 1-leerlinge, open volgens aanduidings op 24 Julie om 08:00. Alle leerlinge wat in 2026 in graad 1 en graad 8 gaan wees, MOET op die GDO se aanlynstelsel aansoek doen.



Die proses is soos volg:

Maak seker dat u die volgende **gewaarmerkte dokumentasie** afsonderlik in elektroniese formaat byderhand het om op die aanlynplatform te laai, voordat u begin:

1. U ID-dokument.
 2. Bewys van woonadres van die persoon wat die leerling registreer.
 3. In die geval van 'n huureiendom: verskaf 'n afskrif van die huurkontrak, die eienaar se ID-dokument en 'n water-en-ligterekening van die eiendom.
 4. Bewys van werksadres van die persoon wat die leerling registreer.
 5. U kind se geboortesertifikaat.
 6. U kind se kliniekkaart (alle inentings moet op datum wees).
- (U kan bogenoemde dokumente deur enige Kommissaris van Ede by onder andere 'n polisiestasie laat waarmerk. Hulle sal die oorspronklike dokument sowel as 'n afskrif daarvan benodig).

Aanlynregistrasies word op 'n amptelike aanlyn-platform gedoen:

<http://www.gdeadmissions.gov.za>

Let wel: Hierdie platform sal eers na die amptelike oopstel van die proses toeganklik wees.

Daar is 5 stappe wat u op die platform moet voltooi:



1

Stap 1: Registreer as ouer/voog op die platform

- Bewaar die verbruikersnaam (**username**) en wagwoord (**password**) wat u ingesleutel het - u gaan dit weer benodig. Ons stel voor dat u dit afskryf en nie net op u selfoon of rekenaar stoor nie.
- Dit is belangrik dat u u korrekte selfoonnommer en e-posadres invul. Indien u meer as een skool as keuse aandui, sal u aan die einde van die toelatingsproses 'n sms van die GDO ontvang. U moet, **BINNE 7 dae vanaf ontvangs**, op hierdie kommunikasie reageer ten einde die plasingaanbod te aanvaar of te verwerp. Daarom is dit belangrik dat u op die selfoonnommer wat u verskaf het, bereik kan word.
- U sal 'n OTP (**one-time password**) op u selfoon ontvang en sal hierdie OTP gebruik om die aansoekproses af te handel.
- **Terme en voorwaardes:** Neem asseblief kennis van die GDO se terme en voorwaardes rakende die aansoekproses.
- Voltooi alle velde so volledig as moontlik.

2

Stap 2: Adres-inligting

- Die "adres" verwys na die adres van die ouer/voog waar die kind woonagtig is. Hierdie adres moet ooreenstem met die dokumentasie wat u as "bewys van adres" indien.
- Indien u op grond van u werksadres u kind registreer, verwys "adres" na die fisiese adres waar u werksaam is.

3

Stap 3: Leerlingregistrasie

- Keuse van opvoedingstaal: kies AFRIKAANS. Sodoende word u kind by 'n Afrikaansmedium skool geplaas indien u so verkies.

4

Stap 4: Skoolaansoek

- Onder opsies: Kies **SLEGS Laerskool Constantiapark**.

5

Stap 5: Dokumentasie

- Laai gewaarmerkte dokumentasie aanlyn op, soos aangedui.
- Voltooi die aansoek.



INLIGTING RAKENDE U AANSOEK BY

LAERSKOOLOO CONSTANTIA PARK



Vir ons huidige, 2025 Graad R-leerlinge, wat in 2026 Graad 1 by ons gaan bywoon, is geen verdere dokumentasie vir die registrasie vir Graad 1 in 2026 nodig nie, aangesien ons reeds alles op lêer het.

Indien u kind nie in Graad R by Laerskool Constantiapark is nie, versoek ons dat u ons per e-pos sal kontak (admin@lscp.co.za) sodat ons u van ons inskrywingsvorm en ander vorms kan voorsien. Handig dan asseblief alle dokumentasie as harde kopieë asook elektronies per e-pos (admin@lscp.co.za) by Laerskool Constantiapark in.

Dokumentasie wat by u aansoek ingesluit moet wees:

- 1 Afskrif van die leerling se geboortesertifikaat.
- 2 Afskrif van beide ouers se ID-dokumente.
- 3 Bewys van adres soos wat op die aanlynplatform ingedien is.
- 4 Afskrif van kliniekkaart.

Me. Roelien Naudé het opleiding rakende die aanlynregistrasies, soos wat deur **Gauteng se Departement van Onderwys (GDO)** aangebied, ontvang en sal u met die aansoekproses kan bystaan indien u enige uitdagings sou ervaar. Kontak haar gerus by admin@lscp.co.za.

Ons ontvang ouers wat hulp met die registrasieproses nodig het, in die voorportaal van die saal met ons rekenaarspan vanaf 08:00 op 24 Julie. Ons help graag op die eerste dag. (Registrasies duur van 24 Julie tot 29 Augustus).



Staan saam! Registreer saam!